


# Ongunstige oesomstandighede in Suid-Amerika en lae voorrade veroorsaak volatiliteit

– 11 Februarie 2013

DIRK STRYDOM, SA GRAAN/GRAIN MEDEWERKER

As daar na internasionale oes- en plantomstandighede gekyk word, word sojaboonoestoestande in Brasilië, meer spesifiek in die Mato Grosso-streek, steeds deur reën vertraag. Dit veroorsaak dat minder nuwe oes sojabone die Brasiliaanse hawens bereik wat lei tot 'n opeenhoping van skepe.

Die vertraging in die verskeping van sojabone uit Suid-Amerika laat Chinese kopers senuweeagtig voel oor hul voorrade. Verder dwing die vertraging wêreld-invoerders om hul invoere uit Amerika aan te vul.

VSA uitvoere vir soja-oliekoek het in Januarie 'n rekordhoogtepunt van 1,67 miljoen ton bereik wat hoofsaaklik na China uitgevoer is.

Teen begin Februarie het 70% van die sojaboonoppervlakte min reën ontvang. Hoë temperature het bykomende ongunstige toestande op die sojaboonoes gelaat. Argentinië het teen die einde van Januarie 10% van hul verwagte oes verkoop – dit is minder as die helfte van die vorige seisoen. Die Argentynse produsente hou die oes terug omdat van die produsente dink dat die peso gaan depresieer. Dit beteken dat Argentynse perse steeds sukkel om sojabone te kry.

In terme van kanola, verwag verhandelaars dat daar 'n groot waarskynlikheid is vir 'n daling in Kanadese lente-aanplantings. *Oilworld* verwag dat daar 'n 10% daling gaan wees teenoor die vorige seisoen. Dit sal die aanplantings laat daal tot 7,7 miljoen ha. Verskeie redes kan hiervoor gevind word: 'n Swak oes in 2012; stygende siekteprobleme; kompeterende koringpryse asook 'n styging in Kanadese sojaboonaanplantings.

'n Skerp daling in Europese Unie (EU) sonneblomsaad (die laagste in vyf jaar) veroorsaak 'n verdere skerp daling in terme van pers en uitvoere na nie-EU-lande (Augustus 2012 tot September 2013). Weens die nie-beduidende voorraadvlakke gaan die perskontrakte met 0,3 miljoen ton tot 2,7 miljoen ton (Februarie/Julie 2013) daal. Dit sal die laagste persvlak in drie seisoene wees.

Die oes- en plantomstandighede vir baie oliesade lyk aan die begin van Februarie nie goed nie en kan veroorsaak dat die mark baie sensitief gaan wees vir weersomstandighede. Dit kan die volatiliteit van oliesaadpryse in die kort termyn verhoog.

## Internasionale vraag en aanbod

In Februarie se United States Department of Agriculture (USDA) wêreld vraag en aanbod-verslag, is die VSA eindvoorraad meer as wat verwag is verlaag en is die voorraad-tot-verbruik verhouding die laagste sedert 1964/1965. Die eindvoorraad is verlaag met 10 miljoen skepels wat die eindvoorraad tot op 'n vlak van 125 miljoen skepels bring.

'n Demper kan ook op die neigings geplaas word deur die hoër as verwagte Suid-Amerikaanse oes. Die USDA het die Suid-Amerikaanse oes onveranderd gelaat. 'n Hoër Brasiliaanse oes het die laer Argentynse oes teengestaan. Die Argentynse oes is afwaarts aangepas met 1 miljoen ton tot 'n vlak van 53 miljoen ton, waar die Brasiliaanse oes opwaarts aangepas is na 83,5 miljoen ton (**Tabel 1**). Die verwagting is dat die Argentynse oes nog tonne kan verloor, dus sal die CBOT-pryse steeds afhanklik wees van weersomstandighede in Suid-Amerika.

Sonneblom se EU-eindvoorrade vir die tydperk Februarie tot Julie het verlaag vanaf 0,94 miljoen ton tot en met 0,6 miljoen ton (**Tabel 2**). Dit plaas grootliks druk op uitvoere en persgeleenthede. Die internasionale voorrade is baie laag, veral die ou oes voorrade. Dit kan veroorsaak dat pryse styg in die kort termyn, totdat die nuwe oes in die mark geplaas word. Sodra die nuwe oes in die mark geplaas word, kan prysregstellings weer plaasvind.

## Plaaslike vraag en aanbod

Volgens die eerste oesskattingskomiteeverslag, is die voorlopige

**TABEL 1: PRODUKSIE EN EINDVOORRAAD – BRASILIË EN ARGENTINIË.**

| 2012/2013-produksie | Feb USDA | Handelaarsverwagting | | |
|---|---|---|---|---|
| | | Gemiddeld | Laag | Hoog |
| **Sojabone** | **136,5** | **135,6** | **131,5** | **139,7** |
| Brasilië | 83,5 | 82,7 | 81,0 | 84,0 |
| Argentinië | 53,0 | 52,9 | 50,5 | 55,7 |
| 2012/2013-eindvoorraad | 60,1 | 59,1 | 58,0 | 60,3 |

Bron: Rabobank

**TABEL 2: EU 27 VRAAG EN AANBOD VAN SONNEBLOMSAAD (MILJOEN TON).**

| | Februarie/Julie | | |
|---|---|---|---|
| | 2013 | 2012 | 2011 |
| **Openingsvoorraad** | **3,70** | **4,36** | **3,91** |
| Produksie | - | - | - |
| Invoere | 0,13 | 0,13 | 0,24 |
| Uitvoere | 0,10 | 0,11 | 0,29 |
| Pers | 2,67 | 2,98 | 2,71 |
| Ander gebruik | 0,46 | 0,46 | 0,50 |
| **Eindvoorraad** | **0,60** | **0,94** | **0,64** |

Bron: *Oilworld*

**TABEL 3: VRAAG EN AANBOD VAN SUID-AFRIKAANSE SONNEBLOM EN SOJABONE ('000 TON).**

| | Sonneblom | | Sojabone | |
|---|---|---|---|---|
| Bemarkingsjaar | 2012 finaal | 2013* | 2012 finaal | 2013* |
| **Openingsvoorraad** | **232,7** | **103,5** | **306,1** | **185,8** |
| Produksie | 521,1 | 683,0 | 632,7 | 925,8 |
| Invoere | 11,8 | 11,7 | 0,3 | 0,3 |
| Verbruik | 662,1 | 694,3 | 595,8 | 611,3 |
| Uitvoere | 0,0 | 0,0 | 157,5 | 197,0 |
| **Eindvoorraad** | **103,5** | **103,9** | **185,8** | **303,6** |

Bron: SAGIS, CEC
* Vooruitskatting


*SA Graan/Sasol Nitro fotokompetisie*

geskatte oppervlakte geplant met sojabone 529 000 ha, wat 'n toename van 57 000 ha of 12% verteenwoordig, vergeleke met die 472 000 ha die vorige seisoen geplant (**Tabel 3**).

Dit is die meeste aanplantings nog ooit – die voornemens was slegs 504 000 ha gewees. Die meeste sojabone is in Mpumalanga en die Vrystaat geplant, met 215 000 ha (41%) elk, gevolg deur KwaZulu-Natal met 34 000 ha (6%) en Limpopo en die Noordwes Provinsie met 22 000 ha (4%) elk. Die oorblywende provinsies verteenwoordig 21 000 ha (4%).

Die pers van sojabone het met meer as 60% gestyg tot 'n rekord 0,41 miljoen ton. Dit het tot gevolg gehad dat die invoere van oliekoek gedaal het met 22% tot 0,73 miljoen ton vir Januarie tot November 2012. Die styging in die verbruik van oliekoek was dus opgeneem deur die plaaslike produksie.

Tydens die skryf van hierdie artikel, was die toestande van sojabone goed in produksiegebiede soos Mpumalanga en KwaZulu-Natal. Hierdie streke ervaar tans verskeie haelbuie, maar oor die algemeen lyk die toestande goed. Die Vrystaat gaan gebuk onder hoë hitte-eenhede en sojabone het teen begin Februarie swaargekry.

Sonneblom se voorlopige, geskatte oppervlakte beplant beloop 485 000 ha – dit is 'n toename van 7% (31 650 ha) in vergelyking met die vorige seisoen. Dit is vergelykend met 40 000 ha of 8% minder as die voorneme om te plant syfer van 525 000 ha. Die pers van sonneblomsaad het ook vir die derde agtereenvolgende jaar gedaal na 0,66 miljoen ton in 2012. Sonneblomolie-invoere het amper verdubbel tot 176 000 ton vir die tydperk Januarie tot November 2012.

In terme van grondbone is die eerste skatting 44 000 ha. Dit is 'n daling van 3,19% teenoor die vorige seisoen se 45 450 ha. Dit is wel 'n styging van 1 000 ton teenoor die verwagte aanplantings van 1 000 ha.

Produsente sal reeds vroeg in die seisoen hoë pryse moet gebruik – sodra die nuwe Suid-Amerikaanse oes in die mark kom, kan daar prysregstellings plaasvind. In die kort termyn kan pryse styg weens die vertraging van oesomstandighede. ■

**Hierdie Oliesade-oorsig word moontlik gemaak deur die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust.**